MIKRO
WERK EN SKEP

# LAERSKOOL MIKRO

SPRUITSTRAAT
KUILSRIVIER
7580

14/2024

021-903 2126 info@laerskoolmikro.co.za www.laerskoolmikro.co.za

30 April 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Hemelvaart
3. Wintersdrag
4. Werksafbakening en gekontroleerde toetsrooster
5. Verlore klere
6. Sport
7. Kalender
8. Advertensies

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan al die pappas wat Vrydag saam met hul dogters die pa-en-dogter-geleentheid by die skool saam geniet het. Die band tussen pa en dogter bly spesiaal en moet gekoester word. Baie dankie aan die personeel wat hard gewerk het om die geleentheid moontlik te maak. Hiermee die skakel na Vrydagaand se pa-en-dogter-geleentheid se foto's:
Wacky Tekkie-Dans

Die nuwe beheerliggaam vergader op 2 Mei 2024. Ons vra ouers en vriende van die skool om vir die nuwe beheerliggaam en die skool in die geheel te bid. 'n Beheerliggaam het 'n oorsigrol oor skoolbedrywighede wat beteken dat hulle beheer moet uitoefen. Hulle het ook 'n beleidmakende rol – die bestuur van die skool berus by die skoolhoof en die skool se interne bestuurspan. Noodwendig benodig 'n beheerliggaam baie wysheid om die regte besluite te neem en ons wens vir hulle baie sterkte toe vir hul taak. Indien daar na afloop van Donderdag se beheerliggaamvergadering iets onder u as ouers se aandag gebring moet word, sal ons met u kontak maak.

Sien asb. 'n brief van my wat handel oor leerderafwesighede, wat vandag op School Communicator geplaas is. Maak asb seker u lees dit. Ons herinner u daaraan dat die skool weens Werkersdag, môre (1 Mei 2024) gesluit sal wees.

Voorspoed vir die week.

**2. HEMELVAART**

Op die Christelike kalender is Donderdag, 9 Mei 2024, Hemelvaartdag. Soos dit die gebruik is, gaan ons as skool (gr. 1 – 7) na NG Kerk Kuilsrivier-Suid stap om 'n Hemelvaartdiens by te woon. Vanaf Vrydag, 10 Mei 2024 tot Vrydag, 17 Mei 2024 sal daar elke oggend ook 'n Pinksterdiens by die skool plaasvind. Ds. Jannie du Plessis sal die boodskappe lewer. Laat weet asb. betyds u kind se klasonderwyser indien u kind nie hierdie geleenthede gaan bywoon nie, sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

Op Donderdag, 9 Mei 2024 sal daar ook geen buitemuurse aktiwiteite wees nie.

**3. WINTERSDRAG**

Leerders moet asseblief vanaf Donderdag, 2 Mei 2024 volle wintersdrag dra. Sien bladsy 25 en 29 van huiswerkboekie vir 'n uiteensetting van wintersdrag en algemene voorkoms. Dankie vir almal se samewerking.

**4. WERKSAFBAKENING en GEKONTROLEERDE TOETSROOSTER – JUNIE 2024**

**JUNIE – Reëlings vir toetsreeks 2024**

Gr. 4 tot 7
Die formele toetsreeks duur vanaf 21 Mei 2024 tot 4 Junie 2024. Die gr. 7-leerders skryf vanaf Dinsdag, 21 Mei 2024 tot Dinsdag, 4 Junie 2024. Die gr. 4- tot 6-leerders begin op Vrydag, 24 Mei 2024.

Tydens die gekontroleerde toetsreeks word daar baie streng maatreëls toegepas. **GEEN** toetse mag later as die toegewysde datum gekryf word nie. Indien 'n leerder afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word. Die WKOD sal die leerder se punt in so 'n geval verwerk. Indien die leerder sonder 'n doktersbrief afwesig is, verbeur hy/sy die punte. Hierdie is die beleid van die WKOD en moet streng toegepas word.

**Dinsdag, 21 Mei 2024 tot Dinsdag, 4 Junie 2024:**
- Skool sluit vir alle Graad R-leerders om 12:30 en Graad R-sport gaan voort soos normaal.
- Skool sluit vir Graad 1 tot 7-leerders om 12:40.
- Die o.13 A-span afrigters sal wel kan reëlings tref vir kondisionering tussen 13:00 en 13:45 op normale oefendae.
- Oefeninge begin wel die middag van 4 Junie 2024.

**Woensdag, 5 Junie 2024 tot Donderdag, 13 Junie 2024:**
- Skool sluit vir alle Graad R-leerders om 12:30 en Graad R-sport gaan voort soos normaal, behalwe vir Woensdag, 12 Junie 2024 - geen sport a.g.v ouerbesoeke.
- Skool sluit vir alle Graad 1 tot 7-leerders op die normale tye en die normale buitemuurse rooster, insluitend kore, fietsry en redenaars.
- **LET WEL:** Ouerbesoeke vind op Woensdag, 12 Junie 2024 plaas. Dus **GEEN SPORT** daardie dag.

**Vrydag, 14 Junie 2024:**
- Skool sluit vir alle leerders om 10:45.

## 5. VERLORE KLERE – "LOST & FOUND"

Op Donderdag, 2 Mei 2024 en Vrydag, 3 Mei 2024, tydens eerste pouse, word alle nie-gemerkte klere en ander verlore goedere op die saal se stoep uitgepak. Indien dit nie deur leerders afgehaal word nie, sal die klere aan die klerebank geskenk word en ander verlore goedere sal vir liefdadigheid geskenk word.
Ons wil dit weer beklemtoon dat leerders se eiendom duidelik gemerk moet wees asb. Dankie vir u samewerking.

## 6. SPORT

Sport van die week:

Dinsdag, 30 April 2024
- Rugby o.12 en o.13 WP proewe

Donderdag, 2 Mei 2024
- Hokkie teen Durbanville
    - Seuns- Weg
    - Dogters- Tuis

Vrydag, 3 Mei 2024
- Landloop
- Skaak teen Kuilsrivier (weg)

Saterdag, 4 Mei 2024
- Jowa's Worcester-Noord Sportdag (tuis)
    - Hokkie, Netbal en Rugby

Donderdag, 9 Mei 2024 - Hemelvaart: **Geen sport**

Ons wintersportprogram word vanaf Vrydag, 17 Mei 2024 tot Maandag, 3 Junie 2024 a.g.v die toetsreeks gestaak. Die wintersport gaan vanaf Dinsdag, 4 Junie 2024, na afloop van die toetsreeks, normaal voort.

L. Mouton
SKOOLHOOF

# KALENDER : APRIL 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3<br>**SKOOL HEROPEN**<br>Buitemuurs begin | 4<br>**SPORTDINEE** | 5<br>o.13A-Rugby (W): HS Bellville Sportdag<br>o.13-Hokkie: Durbell Proewe | 6<br>Netbal WP-Proewe (W): Bastion<br>Bergfiets: Ridgeback | 7<br>**WÊRELDGESOND-HEIDSDAG** |
| 8<br>**BOEKEWEEK**<br>Netbal (W): Joostenberg | 9<br>**BOEKEWEEK** | 10<br>**BOEKEWEEK**<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>Netbal WP-Proewe: Somerset House<br>o.7-13A-Rugby (W): Parow Oos | 11<br>**BOEKEWEEK**<br>**INTERNASIONALE TROETELDIERDAG**<br>Verjaarsdag: Tannie Elsa | 12<br>**BOEKEWEEK**<br>o.7-13A-Rugby (W): Curro Durbanville<br>o.13-Hokkie: Durbell Proewe<br>Skaak (T): Bellpark | 13<br>o.10-13A-Netbal (W): Table View<br>Skaak (W): Beaumont | 14 |
| 15<br>Netbal (W): Eikendal<br>Rugby WP-Proewe<br>**OOV-verg. @ 18:00** | 16<br>Netbal (T): Bellpark | 17<br>Rugby (T): Table View<br>Netbal (T): Brackenfell, Bellville | 18<br>Hokkie: Welgemoed<br>**KOSMOS-Klub @ 19:00** | 19<br>Skaak (W): Labiance<br>Landloop : Wes-Kaap Sport Skool<br>Verjaarsdag: Juf. Adré | 20<br>Steven Kitshoff Mini-Rugby Fees (W): Hendrik Louw<br>o.13-Hokkiedag (W): HS Bellville | 21 |
| 22<br>o.13A- Netbal (T): Bastion<br>Rugby WP-Proewe: Kuilsrivier Rugbyklub | 23<br>ATKV-Redenaars<br>Verjaarsdag: Juf. Marianne | 24<br>ATKV-Redenaars<br>Rugby (W): Hendrik Louw<br>Netbal (T): Bastion<br>TIE: Koorfees | 25<br>Hokkie: Kenridge | 26<br>**PA-EN-DOGTERAAND**<br>Landloop: Wes-Kaap Sport skool | 27<br>**VRYHEIDSDAG** | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# KALENDER : MEI 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1<br>**WERKERSDAG**<br>Verjaarsdag: Juffrou Teresa | 2<br>Hokkie: Durbanville | 3<br>**Skaak (W): Kuilsrivier**<br>**Landloop**<br>Verjaarsdag: Juffrou Mariette | 4<br>**WORCESTER-NOORD SPORTDAG (TUIS)** | 5 |
| 6 | 7<br>Gaad 4-uitstappie | 8<br>**Rugby (W): Fanie Theron** | 9<br>TIE: Handskrif<br>**GEEN SPORT** | 10<br>Gaad 4-uitstappie<br>Oppi Tong af: Einddatum<br>Hokkie (W): Jan van Riebeeck Sportdag | 11<br>Bergfiets<br>Rugby & Netbal (W): Jan van Riebeeck Sportdag | 12<br>**MOEDERSDAG**<br>Verjaarsdag: Meneer Jaco |
| 13 | 14 | 15<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>**WINTERSPORT FOTO'S**<br>**Rugby (T): Welgemoed**<br>Verjaarsdag: Juffrou Nicola & Juffrou Charmaine | 16<br>Hokkie: Curro Durbanville | 17<br>Graad 5-uitstappie | 18<br>Stellenbosch Eisteddfod: Koorfees | 19<br>Verjaarsdag: Juffrou Tarynne |
| 20 | 21<br>**GRAAD 7-EKSAMEN** | 22<br>**GRAAD 7-EKSAMEN** | 23<br>**GRAAD 7-EKSAMEN** | 24<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>o.7-10 Hokkie: Curro Durbanville | 25<br>Bergfiets: Spice Route<br>Mini-Rugby &Netbal: Curro Durbanville<br>Verjaarsdag: Juffrou Lane-Mari | 26 |
| 27<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>**MIKROMARK** | 28<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>**MIKROMARK** | 29<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>**MIKROMARK** | 30<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>**MIKROMARK** | 31<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>**MIKROMARK** | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

BLOU: Datums bygekom

Rooi: Datums het verander

# ADVERTENSIES




# BETAALDE ADVERTENSIES






# ADVERTEER IN ONS MIKROFOKUS

- Die Mikrofokus word weekliks op D6 gelaai. Ons ouers ontvang dit ook weekliks per WhatsApp.
- 'n Kopie van die Mikrofokus word ook op die skool se webwerf geplaas en die skakel word op ons Facebook-blad (/LSMikro) gedeel. Daar is tans 3900 volgelinge.
- Bespreek spasie vir die volgende uitgawe voor of op Woensdae om 12:00 by info@laerskoolmikro.co.za – alle grafika (in JGEP of PNG-formaat) moet ons teen die Donderdag om 12:00 bereik.

**PRYSE**

**PER UITGAWE:**

- A6 (10,5 x 14,8 cm) – R250
- A5 (14,8 x 21,0 cm) – R350
- A4 (21,0 x 29,7 cm) – R500

**INDIEN MEER AS EEN UITGAWE:**

- A6 (10,5 x 14,8 cm) – R250 + R225 + R200
- A5 (14,8 x 21,0 cm) – R350 + R315 + R300
- A4 (21,0 x 29,7 cm) – R500 + R450 + R405